# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Oktober 2011

## Lees binne...


- **Die Kerkhervorming en die taal van die kerk** – 1
- **Onreg gesanksioneer** – 3
- **Die Kerk en politieke verantwoordelikheid** – 5
- **Beeld van God in die mens** – 6

# In hierdie uitgawe


- Bl 1 Die Kerkhervorming van die 16de eeu
  en die taal van die kerk (Dr Kobus Labuschagne)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
  Mag U hoop, Heer, deur ons gee
  Innige simpatie
- Bl 3 **Buitengewone AKV**
  Onreg gesanksioneer (Dr Johann Beukes en ds Rudi Schoeman)
- Bl 4-5 **Kerkwerf**
  Minsame mensevriend tree uit (Ds Wilhelm Steyn)
  Nuwe fase vir die Bybelgenootskap
  VTT in November
  Die Kerk en politieke verantwoordelikheid (Dr Christo Pretorius)
  Uitreik na Zimbabwe
  Beroepe aanvaar
- Bl 6 **Buitengewone AKV**
  Aantasting van die beeld van God in die mens
  (Prof Natie van Wyk en ds Frans Oosthuizen)
- Bl 7 **Gespreksforum**
  Glo is nie meer net glo nie (Ds Jaap Steenkamp)
  Daarom gaan ons hof toe (Ds Freek van der Merwe)
  Hoe verstaan ons die duiwel? (Japie Jackson)
- Agterblad **Oordenking**
  God is in beheer (Ds Hennie Nel)


# Mag U hoop, Heer, deur ons gee

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf: Daar kom tye wanneer ons deur omstandighede tot moedeloosheid en uitsigloosheid gedwing word. So het die profeet Jeremia hom in ’n stadium in gevangenskap bevind. Daarby was Jerusalem omsingel deur vyandige leërs. Jeremia se familie was ook in die nood en het gevaar gestaan om hul grond te verloor. Tog tree Jeremia te midde van hierdie donker omstandighede verrassend op: Hy koop ’n stuk grond by sy neef. Gehoorsaam en gelowig vertrou hy op God en voer hy sy opdrag stiptelik uit. Sy optrede dra ’n boodskap van hoop uit aan die hele volk. Jeremia se grondtransaksie word ’n simbool van hoop en verwagting vir die mense van sy tyd.

In die tyd waarin ons leef, word daar ook van die Kerk ’n boodskap van hoop gevra. Depressie is die siekte van ons tyd. Mense raak lewensmoeg. Al hoe meer mense raak in finansiële nood. Eens gelukkige huwelike eindig in die skeihof of met ’n gesinsmoord. Siekte en ouderdom kwel ons. Mense pleeg selfmoord. Sedelike en morele verval neem toe. Mense voel onseker en bedreig deur die toekoms. Daar hang ’n wolk van moedeloosheid oor ons, en die vraag is of die kerk daarin slaag om die hoop van Jesus Christus by mense in hul omstandighede uit te bring.

Ons as Kerk het ’n wonderlike geleentheid om ’n boodskap van hoop uit te straal met die buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering (AKV). Sonder om aanmatigend te wees, moet ons besef dat ons in die weke wat kom fyn dopgehou gaan word. En wat die Kerk doen en sê, gaan waarskynlik aan die groot klok gehang word. Daarom moet ons baie versigtig wees en terselfdertyd die geleentheid gebruik om ’n boodskap van hoop te bring. Mense is moeg gebaklei en gestry. Daar is ’n behoefte en verwagting dat die Kerk in ons tyd vir mense hoop sal gee. Dat ons nie net sal praat oor die hoop wat in ons leef nie, maar dat ons dit ook sal uitleef. Daar word met verwagting na die Kerk gekyk in hierdie dae van die AKV. Ons kan dit nie bekostig om ’n negatiewe boodskap uit te stuur nie. Ons het ’n wonderlike geleentheid om te getuig. Ons durf dit nie by ons laat verbygaan of dit opmors nie. Deur met ’n gesindheid van liefde en deernis teenoor mekaar op te tree, kan ons sigbaar gestalte gee aan die hoop wat in ons leef en waarna die wêreld smag. *Die Hervormer* wil met sy uitbundige en kleurvolle voorblad iets daarvan oordra.

Die seuntjie was baie trots op die model wat hy uit vuurhoutjies gebou het vir ’n skoolprojek. Met sorg het hy dit op sy skoot gehou in die bus op pad skool toe. Maar toe hy uit die bus klim, trap hy skeef en val… die modelletjie aan stukke! Terwyl hy huilend probeer om die stukkies weer aanmekaar te sit, kniel daar skielik ’n man langs hom op die sypaadjie en begin hom help. Deur sy trane vra die seuntjie: *Skuus Oom, maar is Oom dalk Jesus?*

Mag die Here gee dat die wêreld iets van Jesus in ons as Kerk sal raaksien. En mag God hoop vir die wêreld deur ons gee.

**********

# Die Kerkhervorming van die 16de eeu en die taal van die kerk

**Dr Kobus Labuschagne** kyk na die Kerkhervorming van die 16de eeu wat ons geleer het dat alles, ingesluit die samelewing, in beweging gebring en aan hersiening onderwerp word wanneer ons voortdurend in geloof vra na riglyne vanuit die Skrif. Die Skrif word dan verstaan in sy relasie tot die Woord van God as *bo alles* die Woord wat mens geword het, naamlik Christus. Die taal van die kerk is daarmee duidelik nie die taal van die wêreld nie. Die kerk dink en voel en doen vanuit die geloof anders as die wêreld wat alleen kan staatmaak op die mens se *natuurlike rasionaliteit.* Martin Luther het geleer: God regeer die wêreld deur twee regimente – die kerk en die staat. Die staat dink en doen vanuit die *Lex Naturae* – die natuurlike wet en die natuurlike menslike rede, met al die beperkinge wat teologies gesien daarmee saamhang. Die kerk, daarenteen, dink nie soos die wêreld nie. Die kerk dink nie *ideologies* nie – om slegs sommige mense te bevoordeel. Die kerk dink en doen vanuit die *Lex Christi* – die wet van Christus. En dan is alle mense belangrik. Om te dink en te doen vanuit die *Lex Christi*, is om in jou denke, emosie en dade te reageer vanuit 'n geloofsverhouding met die Lewende God wat jou in Christus en deur sy Gees ontmoet. Die *geloof en die moraliteit* wat uit hierdie ontmoeting volg, kan nie met die manier van die staat of die wêreld vergelyk of vermeng word nie.

In die gees van ons Reformatoriese erfenis, waaruit ons geleer het dat die taal van die kerk in en deur die *liefde* van ons Here Jesus Christus anders is as die taal van die wêreld, moet ons as Kerk drie dinge doen rakende die verlede, hede en toekoms. Ons moet toereikend antwoord op die *verlede*, sodat ons sonder uitstel dringend aandag kan begin gee aan die krisis van die *hede* en ook ons verantwoordelikhede voor *God se beloftes vir die toekoms*. Ons mag nie bly vashaak aan die vraagstukke van die verlede nie, en die vrae van vandag dan grootliks onbeantwoord laat, sodat die nuwe wêreld van vandag oor ons loop. Van geen samelewing of ideologie kan ons sê dat alles reg of alles verkeerd is nie. Selfs pres Zuma het in die pers gesê dat nie alles van apartheid verkeerd was nie. Oor ons samelewing van die verlede en dié van vandag kan in die taal van die wêreld baie positiewe en negatiewe uitsprake gemaak word, waarvan sommige nader aan die waarheid is en ander bloot persepsies uit die leuen gebore. Christelik-eties moet egter oor *albei* samelewings minstens dit gesê word: Die *samelewing van gister* is deur die meerderheid van die bevolking verwerp as 'n onderdrukking van die vryhede en regte van veral swartes en gekleurdes. Daarom kan hierdie samelewing, soos dit was, nie aanvaarbaar voorgehou word nie. En: *Die samelewing van vandag* gaan gebuk onder van die hoogste misdaadsyfers in die wêreld en honderde duisende witmense stroom uit die land sedert 1994 vanweë die misdaad, maar veral ook omdat hul vryhede en regte hulle in die samelewing en in die werkplek ontneem word. Dit sê: Daar is groot fout. Ook dit kan nie verdedig word nie. In die taal van die kerk behoort ons ons telkens in die posisie van die verdrukte te plaas (vgl Matt 7: 12), en dan die positiewe weg van die Christelike liefde aan te toon.

Kom ons breek mekaar nie af nie, maar werk saam in die kerk en in ons vergadering, tot opbouing van die kerk, en sê dan wat gesê moet word in die *taal van die kerk* – en bly weg van die *taal en optrede, die wapenrok, van die wêreld*.

**********

# Buitengewone AKV

Het die Hervormde Kerk se goedkeuring van apartheid onreg gesanksioneer? **Dr Johann Beukes** skryf oor God se reg en menslike onreg, en **ds Rudi Schoeman** sê dat die Kerk nooit bedoel het om onreg te regverdig nie.

Het die Kerk se goedkeuring van apartheid die beeld van God in die mens aangetas? **Prof Natie van Wyk** vra die vrae waarmee lidmate ook worstel, en **ds Frans Oosthuizen** waarsku dat die evangelie nie gesien moet word as die herstel van menseregte nie.

**********

# Kerkwerf

**Ds Wilhelm Steyn** vertel meer van ds Jan de Wet wat nou emeriteer na 'n dienstydperk van 31 en 'n half jaar, waarvan hy 25 jaar lank in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika was. Daarmee breek 'n nuwe fase aan vir die Bybelgenootskap, met die aanstelling van dr Stephan Hoffman as tweede Organiserende Sekretaris van die Hervormde Kerk by die Genootskap. **Dr Christo Pretorius** berig oor die Kerkhistoriese Genootskap se 38ste Kongres in Augustus vanjaar, en daar word berig oor gemeentes **Wapadrant en Rustenburg-Suid** se onlangse uitreik na Zimbabwe. Lees ook oor predikante wat onlangs nuwe beroepe aanvaar het, en van die Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) wat in November plaasvind.